

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

ds. PJ Kriel

25.06.2017

Inhoud In hierdie preek word gewys dat die ontkenning van God as Skepper en die ontkenning van die mens as God se skepsel gebeur omdat mense glo hulle kan van God 'n uitbeelding maak. Mense wil God uitbeeld en dan moet God God wees soos mense Hom uitbeeld. Hierdie is ironies genoeg die God wat die goddeloses verwerp sowel as die God wat die geestelikes hulle self mee vereenselwig. Daarom moet hulle of God as Skepper ontken en glo die mens is maar net die produk van natuurkragte, of glo dat God kon nie die mens deur die evolusie van die lewe skep nie. Ons as gelowiges ken God as Skepper en kan daarom ook erken dat Hy ons deur die proses van die evolusie van die lewe gemaak het soos Hy ons wou hê terwyl ons terselfdertyd onself as mense aanvaar God as ons Skepper eer, loof en dank.

Liturgie 1. Ps. 27 Lina Spies verse 1, 2 en 5; Evangelie lesing Efesiërs 2 2. Lied 203 verse 1 en 2; Wetslesing 3. Ps. 36 verse 1 en 3; 4. Ps. 8 verse 1, 2, 4-6.

Skriflesing Genesis 1: 26 – 28; 2: 18 – 24; 3: 2 – 4, 22; Jes. 44: 1 – 5, 10, 13, 20, 21, 24.

Teks Genesis 1: 27 : “God het die mens as verteenwoordiger geskep, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.”

Tema Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

1. Goddeloses bewapen hulself vandag met die kennis van die skepping teen die Skepper. Dit gebeur ook met die kennis van die evolusie van die lewe in die skepping. Met hierdie kennis as wapen stel hulle dat die mens die hoogste punt van die evolusie is, maar met 'n groot gebrek. Sy grootste gebrek is dat hy 'n brein het wat die illusie skep dat hy God ken.

Hierdie brein wat so ontwikkel het dat die mens in staat is om alles te kan doen wat die mens vandag kan en moet doen, het hierdie diep wyking – dit sien God waar daar nie 'n God is nie.

Dit is so dat ons godsdienstige waarneming en gedrag in sekere dele van die brein gelokaliseer kan word. Die ironie van hierdie tipe goddeloosheid is dat hierdie deel van die brein dan 'n fout moet wees in die evolusie van die mens. Daardie deel van die brein werk volgens hulle nie reg nie.

Volgens hulle is en kan God niks anders wees nie as 'n beeld wat die mens van God skep. Dit is die fout in die mens wat deel van sy evolusie is. Dit is hulle “sondeval” en “erfsondeleer”: die mens se brein skep waanbeelde oor 'n God wat nie werklik bestaan nie en dan moet hulle erken dat hierdie gebrek geslag tot geslag oorgedra word, want elke geslag skep sy eie godsbeelde.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

2. Die opvatting dat God die mens se uitbeelding is, is nie deur die moderne ongelowiges ontdek deur hulle nuwe kennis van evolusie nie. Hierdie ongeloof is die ongeloof wat in Genesis 1 al 3000 jaar gelede uitgewys is as die hart van alle afgodsdienste.

Dit is presies hierdie tipe opvatting oor God wat die getuigenis van Genesis 1 aanspreek deur die mens God se beeld te noem: mense wat glo hulle kan 'n beeld van God skep en dan is God niks anders as hoe hulle Hom uitbeeld nie.

Daarom stel Genesis 1 dat dit net onwaar is dat God die mens se beeld is. Dit is presies net andersom: die mens is God se beeld! Die bedoeling van die uitdrukking "beeld van God" wil juis met hierdie teenstelling tussen wie wie se beeld is, die waarheid oor wie die mens as mens is en wie God as God is, aandui.

Daarom is die aankondiging dat die mens God se beeld is, die antwoord op die vraag: wie maak vir wie om wie te wees? Is dit die mens wie God maak om God te wees of is dit God wat die mens maak om mens te wees?

3. Elke deel van Genesis 1 ontgoddelik die skepping. Dit is die diepste bedoeling van Genesis 1 soos dit geskryf is: om te wys dat niks wat God geskape het goddelik is nie.

Elke sin in Genesis 1 trek 'n streep deur en maak 'n einde aan elke god wat mense in daardie tyd gemaak en aanbid het. Wanneer God sê laat daar lig wees en daar is lig, dan is daar nie die gode van die lig en die gode van duisternis soos oor die hele wêreld in daardie geglo is nie. Want lig is net dit lig!

Wanneer God sê laat daar 'n koepel tussen die water bo die aarde en die water op die aarde wees, dan is dit net dit: plekke waar water versamel word. Dit is nie meer die blyplek van gode in die lug en gode in die water nie.

Wanneer God sê laat daar groenigheid uit die aarde voortkom, dan is dit net dit, plante, niks anders nie. God ontmagtig daarmee enige geloof van goddelike kragte, magte en goddelike lewe in bome en plante. Deur plante net plante te laat wees beëindig God alle muti praktyke met en deur plantemateriaal asof plante goddelike lewe en krag het en kan meedeel.

Wanneer God sê laat daar planete wees om lig te wees vir mense, dan is dit net dit, planete wat lig verskaf. Dit is nie die krag en mag van die gode Jupiter, Venus en Saturnus nie. God se magswoord dat planete net ligte is, maak daarmee 'n einde aan alle astrologie en die hele bygeloof van sterrevoorspel: die goddelike mag van sterre om die verloop van die mens te bepaal. Dan is die farao ook nie meer die songod nie en die keiser van Rome nie meer 'n godekind nie.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Wanneer God met 'n magswoord, visse, voëls en diere, visse, voëls en diere laat wees en niks anders nie, dan is die krokodille van die Nyl nie meer gode nie, het die bulle van Palestina nie meer goddelike vrugbaarheid nie, is die olifante en ape van Indië nie meer boodskappers en verteenwoordigers van goddelikheid nie. Daarmee beëindig God ook alle magie en toordery met die bene, vere, velle en horings van diere, visse, en voëls asof daar goddelike kragte daarin is.

4. Dink u dat dit die bedoeling van Genesis 1 is om te wys God laat sy skepping skepping wees en nie goddelikheid nie, dat God alle gode ontmasker as nietighede om dan die mens as die enigste goddelike skepsel in sy skepping te maak? So asof Genesis 1 dan alles wil ontgoddelik net om die mens as 'n goddelike wese aan te kondig! So asof net die mens nie net 'n skepsel van God is maar 'n wese met goddelike lewe, krag en mag nie!

Dit is juis die teendeel!

In die raadsbesluit van God "Kom ons maak die mens" word alle goddelikheid van die mens gestroop. God het besluit om die mens – mens te maak, nie as 'n goddelike wese nie, maar as 'n skepsel wat deel van sy skepping is. Met hierdie raadsbesluit dat die mens, mens sal wees, word die mens uitgesluit van enige goddelike bestaan, goddelike lewe, goddelike krag, goddelike mag, goddelike besluite of goddelike wil.

Om alle onduidelikheid oor die menslikheid van die mens uit te skakel word daar dan gestel dat die mens ás God se beeld geskep is. Hierdie vertaling is baie belangrik, want die vertaling "ás" vermy juis die betekenis van "soos God geskep is". Dit is ook duidelik dat hierdie uitdrukking binne Genesis 1 en 2 nooit "soos God" kan beteken nie, want in Genesis 3 vers 4 word die mens se versugting om soos God te wees, openbaar as die diepste sondedrif van die mens – "dan sal julle soos God wees."

Wat word met hierdie uitdrukking bedoel, die mens is geskep as God se beeld? Dit moet onthou word dat die woord "beeld" wat hier gebruik word ook gebruik is vir die afgode wat mense gemaak het.

5. Kom ons kyk na hierdie voorbeeld wat ons elke jaar vir kinders wys om hierdie woord duidelik te maak: die voorbeeld van die uitbeelding van Timoun in die fliek "Lion King" waarvan ek nou hier 'n voorbeeld het.

Wanneer ons na hierdie uitbeelding van die meerkat "Timoun" kyk, wat ek hier in my hand hou, wat sal julle as kinders dink wanneer ek vir julle sê hierdie is my beeld? As ek Timoun so by my gesig hou en sê hierdie beeld is my beeld?

Die eerste reaksie is gewoonlik: Nee! Dit is nie my beeld nie en as ek wil voorhou dat dit my beeld is, dan is ek simpel! Die rede vir hierdie reaksie is dat ek nie lyk soos

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees die beeldjie van Timoun nie. Timoun is nie van my 'n uitbeelding nie. Hy is 'n uitbeelding van 'n meerkat.

Maar dit is my beeld! Die kinders? Wie se beeld is hierdie, aan wie behoort hierdie beeld van Timoun? Aan wie behoort hierdie meerkat wat 'n meerkat is en wat homself as 'n meerkat uitbeeld?

Dit behoort aan my!

6. Wanneer ek sê “Dit is my beeld” dan beteken dit glad nie dat ek bedoel ek lyk soos hierdie beeldjie van hierdie meerkat nie. “My beeld” beteken hierdie uitbeelding van 'n meerkat het ek gemaak, of gekoop, en dit behoort aan my. Dit is my eiendom.

Wat beteken dit wanneer die Here sê die mens is sy beeld? Beteken dit die mens lyk soos en is 'n uitbeelding van God of dat die mens deur God gemaak is en daarom aan God behoort?

Dit beteken dat die mens deur God gemaak is en aan God behoort. Beeld beteken dat God in sy raadsbesluit die mens ontwerp het om mens te wees en toe die mens gemaak het volgens sy beeld oor hoe die mens mens moet wees.

Dit is presies die teenoorgestelde wat mense glo en doen. Mense dink vir hulle self uit hoe hulle 'n god wil laat lyk, dan maak hulle 'n uitbeelding van 'n god soos hulle hom wil hê, dan noem hulle die hierdie uitbeelding van “hulle god” en behoort God aan hulle. God is hulle eiendom!

Met die magsaankondiging dat God die mens sy beeld maak wys Genesis dat alles net andersom werk as wat mense dit vir hulself verbeel: dit is God wat ons mense maak om mens te wees soos Hy 'n beeld het hoe mense moet wees en daarom behoort mense aan God.

6. Kom ons vat 'n ander voorbeeld, 'n skildery!

Wanneer iemand vir u hierdie skildery van hierdie kremetart wys en vir u sê: “hierdie is my beeld”, dan kan dit nooit beteken dat hy lyk soos 'n kremetartboom nie. Dit beteken hy het 'n kremetartboom geskilder om 'n kremetartboom te wees en daarom is hierdie sý skildery. Dit is sy skepping en daarom sy eiendom.

Dit is mos absurd om te wil beweer dat hierdie sy beeld is omdat as jy mooi na die kremetart kyk dat jy iewers binne in hierdie prentjie die gesig van die skilder, wat dit geskilder het, sal raaksien. Hy het nie sy gesig soos 'n kremetart geskilder, 'n kremetart geskilder om sy gesig mee uit te beeld nie. Hy het 'n kremetart geskilder om 'n kremetart te wees.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Dit is die bedoeling van die uitdrukking die mens is God se beeld. Die mens is hoe God mense maak om mens te wees volgens sy raadsplan en skeppingsontwerp en daarom is die mens as mens, liggaamlik en man en vrou, God se eiendom! Die mens is nie bedoel om iewers in of met sy liggaam of gees God se goddelikheid uit te beeld nie. Hy is gemaak om sy menslikheid te verbeeld soos God hom mens gemaak het.

Dit is presies hoe die betekenis “ons is God se beeld” in Jesaja 44 verkondig word. Jesaja kondig aan dat ons in ons moederskoot gevorm het, dat Hy ons gemaak het, ons sy dienaar is en dat ons aan Hom behoort. Die volle bedoeling van beeld van God word verwoord in die geloofsbelydenis: “Ek behoort aan die Here” en ek is “die Here S'n.” (Jes. 44: 5) Dit word in vers 21 en 24 herhaal dat God ons Maker is en daarom is ons Sy dienaar.

As teendeel van wie God ons laat wees, word dan gewys dat mense die teendeel wil wees. Hulle wil God se Maker wees. Hulle wil Hom maak om soos hulle te lyk. Wanneer God soos hulle lyk soos hulle Hom wil hê, behoort Hy aan hulle en Hy is hulle dienaar. (44:13) Hulle wil in en deur hulle menslikheid God as God uitbeeld. Hulle wil sy goddelike krag, goddelike lewe, goddelike mag, goddelike wil en goddelike liefde uitbeeld. Hulle wil nie die beeld wees wat God hulle gemaak het om te wees: om mens te wees en menslikheid te verbeeld nie.

7. Wie maak vir wie om aan wie te behoort en wie se dienaar te wees?

Is God die mens se beeld of die mens God se beeld?

Dit is die openbaring oor hoe God die mens gemaak het in Genesis 1: God het die mens gemaak om mens te wees soos God die mens ontwerp en gevorm het. God het die mens gemaak om sy menswees te verbeeld soos God Hom mens gemaak het.

Daarom is die mens bedoel om aan God te behoort met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en al die krag van sy liggaam. Dit is ook hoe ons dit as kerk in die Heidelbergse Kategismus saam bely: “God het die mens God en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat Hy sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.” Heid. Kat. vraag en antwoord 6

Daarom is die mens God se dienaar. God kan met sy beeld maak wat Hy wil. Hy kan ons sit waar Hy wil, vat waar Hy wil, gebruik waarvoor Hy wil en laat lyk soos Hy wil. Om beeld van God te wees beteken dat die mens aan God wil toebehoort, wil diensbaar wees aan sy Skepper, die posisie en plek aanvaar waar God ons plaas, die roeping aanvaar waarheen Hy ons stuur en diensbaar is aan die taak waarvoor Hy ons gebruik.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Om so mens te wil wees, is nie 'n fout binne ons evolusie nie. Dit is hoe ons deur God se evolusie gemaak is om te wees. Om so mens te wil wees, is nie 'n genetiese afwyking wat maak dat ons brein wanfunksioneer nie. Dit is hoe ons geneties ontwikkel is om te wees: om God as ons Skepper te ken en aan Hom te wil behoort. Daarom is ons godsdiens ook deel van ons breinfunksies, maar meer as dit, om mens te wees, liggaamlik, man en vrou met alles wat dit omvat, is hoe ons God dien: ons is mens soos God mense gemaak het om mense te wees. Ons is sy beeld!

8. Wie leef met hierdie geloof: God is ons beeld! God is ons uitbeelding!

Dit is al die geestelikes van alle eeue. Ook die geestelikes binne die Christelike en daarom ook binne die NG Kerk.

Luister 'n bietjie na hierdie verklarings! Is dit die geloofsbelydenis ons behoort aan ons Skepper of is dit die magsverklaring: "God behoort aan ons!"

- Ons het God aangeneem! Ons het God ons eie gemaak! Hy is nou ons God!
- Ons leef so dat jy God in ons lewe en persoon kan raaksien!
- Ons is God se hande, voete, oë, ore en hande.
- Ons het God in ons lewe ingenooit en God die middelpunt gemaak van ons lewe.
- Ons het God op die troon van ons hart gesit en God van ons lewe gemaak.
- Ons vat God orals saam waarheen ons gaan.
- God leef in ons en ons straal God uit in ons lewe.
- God se krag, lewe, en wil het ons krag, lewe en wil geword.

Hierdie is nie die geloofsbelydenis dat ons God se beeld is, dat Hy ons mens gemaak het soos Hy mense bedoel om te laat wees nie. Hierdie verklarings beteken nie dat mense mens moet wees en hulle menslikheid moet verbeeld nie.

Hierdie is magsverklarings dat God die mens se beeld is. Dit is mos presies wat in Genesis 3 as die bedoeling van alle sonde uitgewys word: "om soos God te wees." God behoort aan jou en jy beeld God se lewe, krag en wil uit. Jy straal die beeld van God se goddelike krag, persoon, lewe en wil uit en mense moet God so in jou raaksien. Jy verbeeld God vir mense sodat hulle in en deur jou God kan ontmoet, leer ken en met God gemeenskap kan hê. Jy sit God waar jy Hom wil hê, vat Hom waar jy Hom wil hê en laat Hom wees net soos jy Hom vir jou self verbeel.

Hierdie verklarings beteken jy moet in God se skildery, die mens, God se gesig iewers uitgebeeld raaksien.

9. Dit is die werklik probleem wat al die geestelikes in die kerk met die kennis van God se evolusie van die mens om mens te wees.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Hulle wil die mens sien as iemand wat God moet verbeeld in en deur sy menslikheid! Die mens moet met sy menslikheid God se goddelikheid verbeeld! In die mens moet sy God se goddelike krag, mag, lewe en wil herken en beleef.

In en deur die mens se menswees moet God raakgesien word soos die gesig van 'n skilder in die skildery van 'n kremetart! Jy mag nie net die kremetart raaksien en in die wonderlike skildery van hoe 'n kremetart 'n kremetart is, die skilder eer vir wat hy gemaak het nie. Jy moet die gesig van die skilder in die kremetart raaksien en so met hom 'n ontmoeting ervaar!

Dit is die drif in die eie geestelikheid wat wil getuig oor hulle ervarings met God se goddelikheid – mense is God se masker of mombakkies. Wanneer die kremetart nie 'n mombakkies van die skilder is nie, dan het hulle geen waardering vir die kunstigheid van die skildery of die skilder nie.

Geestelikes sien die mens as God se mombakkies!

Jy moet die masker van God dra wat hulle van God gemaak het, hulle beeld van God, sodat mense God se mombakkies op jou kan raaksien. Jy moet jou eie gesig verberg met 'n mombakkies van God!

Kyk na hierdie mombakkies wat ek hier het! Is ons God se beeld omdat ons God soos 'n mombakkies moet opsit en God se gesig vir mense met 'n mombakkies moet wys, of is ek soos ek gemaak is en soos ek as mens lyk, die beeld wat God vir my gehad het hoe ek vir Hom mens moet wees?

God maak ons om onself te wees soos Hy ons gemaak het! Ons is nooit God se mombakkies nie!

10. Wat kan hierdie geestelikes nooit in die evolusie van die mens volgens ons kennis van die skepping raaksien nie: God se mombakkies op mense!

Alles in die evolusie van die mens gaan oor hoe God ons liggaamlik gevorm het om mens te wees. Elke deel van die evolusie wys hoe die mens ontwikkel het om homself te wees – mens. Daar is niks in die kennis van die evolusie van die mens in die skeppingsprosesse wat wys dat die mens iets anders as 'n skepsel uit die skepping is nie.

Geen kennis van die mens in die skepping wys op enige goddelikheid of enige iets goddeliks binne in die mens nie. Hierdie mombakkies pas nêrens in in God se skepping nie.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Daarom verwerp geestelikes die kennis van die evolusie van die mens in die skepping. Want hulle wil die mens ken as iemand wat God se mombakkies moet dra. Die mombakkies wat hulle in hulle geestelikheid oor God opmaak en uitbeeld, moet mense dra. Wanneer mense nie hulle mombakkies van God op het nie, dan minag hulle die mens soos God die mens gemaak het om mens te wees.

In hulle verwerping van mense wat nie God se mombakkies wil dra nie, verwerp hulle die Skepper van hemel en aarde, die Skepper van die mens ook! Want hulle wil Hom nie erken as die kunstenaar en ontwerper van die mens in sy volle menslikheid nie. Hulle wil sy skepping en Hom as Skepper inpas by hulle mombakkies van God.

11. Ons as gelowiges moet ons nooit laat intrek nie in die bakleiery van slimmes en geestelikes oor die kennis van die mens se evolusie soos dit vandag uitspeel in die groepe wat mekaar oor en weer benoem as fundamentaliste en liberaliste nie. Vir die een groep wys evolusie dat daar nie 'n God is en vir die ander groep wys God dat die mens nie deur evolusie geskep is nie.

Daarom kan dit maklik lyk asof hulle twee verskillende oortuigings oor God het. Die Bybel wys egter vir ons hierdie twee groepe het beide dieselfde geloof in God. Ons kennis van en geloof in God verskil van beide hierdie twee groepe.

Kom ons gebruik maar hierdie benamings en kyk wat glo hulle saam en waarin verskil hulle van mekaar!

Die groep wat deur die ander as liberaliste uitgewys word wil regtig verklaar dat die mens deur die natuur ontwikkel het en dat God net die beeld is wat mense opmaak. Hy is niks anders as 'n beeld van mense nie. Hy is nie die Skepper wat deur evolusie mense maak volgens sy beeld, sy bedoeling nie. Hy is die mombakkies wat mense maak en opsit terwyl daar nie regtig iemand is soos hulle mombakkies nie.

Die ander groep wat weer deur die liberaliste uitgewys word as fundamentaliste, glo regtig dat hulle God se goddelikheid beliggaam en God se goddelikheid in en deur hulle menslikheid moet uitbeeld!

Hulle glo regtig dat jy God in hulle lewe moet raaksien, dat hulle God se lewe, krag, persoon en wil uitstraal. Hulle glo regtig hulle is as mens 'n uitbeelding van God. Hulle glo hulle is God se masker of mombakkies.

Al twee hierdie groepe glo God is mense se masker of mombakkies.

Kan u die ooreenkoms sien? Of jy glo dat God net 'n mombakkies van mense is maar nie regtig God is nie en of jy glo dat mense regte God se mombakkies moet wees, is nie regtig van belang nie. Die goddeloosheid van al twee hierdie groepe is dat hulle saam glo – God is 'n mombakkies van die mens. God is die mens se beeld.

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees

Al twee hierdie groepe glo God is 'n uitbeelding van die mens!

12. Ons ken God as Skepper en onself as sy skepsels totaal anders. Ons ken onself as God se beeld, Hy is nie ons beeld nie.

Hy het ons gemaak uit die stof van die aarde, man en vrou, liggaamlik mens om ten volle mens te wees. Hy het ons volgens sy raadsplan hoe Hy mense wou vorm en laat wees gemaak, daarom is ons sy beeld. Ons is mens soos Hy mense bedoel het en gemaak het om mens te wees. Daarom is ons gemaklik om in die skepping te ontdek hoe Hy ons mens gemaak het en in sy Woord te ontdek hoe Hy Skepper is.

Ons verbeeld niks van God se goddelikheid in of deur ons menslikheid nie. Ons is nooit soos Hy goddelik nie. Ons ken hierdie uitbeelding van God as sonde.

Daarom wil ons aan Hom as mense behoort soos Hy ons mens gemaak het en wil ons nooit dat Hy aan ons behoort nie; wil ons mense wees soos Hy ons bedoel om mens te wees, mense wat God as mense met hulle menslik hart, menslike siel, menslike verstand en al hulle menslike kragte liefhet en dien.

Waar ons in die skepping ontdek hoe Hy ons mens gemaak het, eer ons Hom daarvoor, loof en dank ons Hom daarvoor. Ook vir die proses van evolusie waardeur Hy ons gevorm het.

13. Ons is nie mombakkies mense nie!

Die kinders! Wanneer jy elke oggend voor die spieël gaan staan, wie sien jy? Jy sien jouself, soos God jou gemaak het. wie moet jy dan deur die dag gaan wees en uitbeeld? Jy moet jouself gaan wees en jouself gaan uitbeeld soos God jou gemaak het. Wanneer jy jouself so is, dan is jy 'n getuigenis van hoe God Skepper is, nes 'n skildery wat wys hoe goed die kunstenaar is.

Wat mag jy nooit probeer raaksien wanneer jy in die oggend in 'n spieël kyk nie?

Jy mag nooit probeer om God in jou gesig raak te sien nie! Jy mag ook nie deur die dag gaan leef asof jou lewe 'n uitbeelding van die krag, die persoon en die lewe van God is nie.

Wanneer jy dit doen, dan probeer jy God se mombakkies dra en God uitbeeld met 'n mombakkies! Met hierdie mombakkies sal jy nooit God as jou Skepper kan ken nie en sal jy jouself ook nooit kan ken en herken as die skepping van God nie. Ons is nie mombakkies-mense wat God se masker dra nie. God het ons gemaak om onself te wees sodat sy heerlijkheid as Skepper kan wys in ons menslikheid. Daarom is ons gemaklik deel van ons menswees soos God dit gemaak het, met al die miljoene jare

Die Here het ons geskep volgens sy bedoeling van hoe die mens moet wees waarin Hy ons so gemaak het, gemaklik van waar af Hy ons gevat het en hoe Hy ons laat wees het. Alles dinge wat ons kan ken uit die nalatenskap van die mens in die aarde.

Daarom is dit vir ons goed om te ontdek hoe God ons uit die stof van die aarde gevorm het om mens te wees want ons wil mens wees soos Hy ons gemaak het. Dit is nie vir ons 'n bewys dat God ons nie gemaak het of dat God ons nie kan maak soos die skepping vir ons wys nie. Ons is God se beeld, nie sy mombakkies nie. Ons wil nie god en ons as sy beeld, inpas in 'n mombakkies van God wat ons probeer opmaak uit die Bybel nie – Hy is nie ons beeld nie.

Hy maak ons, vorm ons volgens sy bedoeling om mens in sy skepping te wees – ons is sy beeld.

Daarvoor eer en loof ons Hom!